

beter om 'n oortreksel te hê wat 'n bietjie los hang, as een wat te klein is.

Dan 'n paar wenke oor die soort kreton wat gebruik word. As dit slaapkamer-meubels is was oorgetrek word, sal 'n mooi helder patroon op 'n ligte agtergrond die geskikste wees, maar vir die woonkamer is iets meer stemmig nodig,—'n donker stof met 'n rustige patroon gee die indruk van gemak en rustigheid. Of soms is 'n effe kleur die beste, met gekleurde kussings. Wanneer u patrone uitsoek, en u kry een wat baie mooi lyk in die stuk, probeer dink hoe die kamer sal lyk met 'n groot hoeveelheid daarvan aan kussings, oortreksels, ens., en hoe dit sal pas by die ander goed wat alreeds in die kamer is.



## 'n Paar Gedagtes oor Meubilering.

(Deur Sylva Moerdyk.)

Om 'n huis mooi te meubiler is 'n kunswerk. Dis 'n saak van **smaak**, nie noodsaaklik 'n saak van **geld** nie. Goeie smaak is 'n aangebore eienskap, maar dit kan ook aangeleer word, deur oplettendheid en studie van mooi dinge.

Die kleureskema van 'n huis, dit wil sê die rangskikking van kleure wat by mekaar pas, of skerp afsteek, is wat die eerste en dikwels die mees blywende indruk op 'n besoeker maak. Maar hoeveel huise is daar wat met die oog op kleur-effekte gemeubiler word?

Die eenvoudigste reëls omtrent kleureskemas vir die beginner om te volg is as volg: Vir 'n kamer wat donker is en waar geen of min direkte sonstrale inkom, warm kleure soos rooi en geel, en al die verskillende verwante tinte; vir 'n sonnige kamer met baie lig, is die koue kleure soos blou, grys en groen beste. Swart pas beste by die warm kleure en wit by die koues. Die kleureskema moet in die oog gehou word by die koop van gordyne, tapyte, muurbehangsels, kussing-oortreksels, ens.

Nou kom die keuse van die meubels self. Daar is twee dinge om te onthou, die eerste is **degelikheid**, die tweede **eenvoudigheid**. Die goeie, baie versierde Europese meubels is vir ons land totaal ongeskik, al kon ons hulle bekostig. Die hout is nie bestand teen die klimaat nie en die gesneë ornamente is 'n ware versamelplek vir stof, maar wat van nog groter belang is, hulle gee ons nasionale karakter nie weer nie, hulle is nie die produk van ons eie brein en pas nie by ons geaardheid nie. Om goedkoop ingevoerde masjien-gemaakte meubels te koop is 'n nog groter fout, dis geld vermors. Die hout bars en krimp, en na 'n kort tydjie is die meubels onbruikbaar, die tafel waggel op sy pote, die stoele eis gedurige heelmaak en die deure van die kaste wil nie sluit nie of hang skeef. In byna geen vak is daar so groot vooruitgang gewees, as in meubelmakery nie. Al die groot firmas het nou werkplekke daarvoor. Koop meubels wat in die land self gemaak is, of van binnelandse hout, of van ingevoerde hout wat aan die klimaat gewend gemaak is. Sorg dat die ontwerp eenvoudig en mooi is en die meubelstuk degelik inmekaar gesit is,

Vir iedere kamer moet verskillende meubels gekoop word, nie alleen verskillende van soort nie, maar ook verskillend van ontwerp en gehalte. Slaapkamer-meubels moet lig wees, lig van kleur en karakter. Daar moet geen behangsels aan die bedde wees nie, en die stoele moet van hout of riet wees, nie opgestop nie, daar moet niks wees wat stof opvang nie. Wit genemmelde meubels is mooiste vir die kinders se slaapkamer. Dit kan afgewas word en gee die vrolike karakter van die kleinged weer.

Vir die eetkamer en woonkamer kan gerus swaar meubels gekies word. Hulle maak 'n rustige en tog deftige vertoning. Veral hier waar ons so baie sonlig het lyk donker meubels mooi, en daar is geen gevaar dat die kamer somber sal word nie, solank as daar kleur ingebring word deur mooi gordyne en 'n paar bontgekleurde kussings, ens. 'n Fout wat baie mense maak en te laat ontdek is om kussing-oortreksels en gordyne van dieselfde goed te maak. Die kleure moet harmonieer, maar die goed moet nie presies dieselfde wees nie, dan word dit eentonig.

Die meubels in die studerkamer moet groen of bruin wees en die gordyne liggeel, alles moet stil wees, sodat die aandag van die werker nie afgetrek word deur kleureskemas nie.

In die ideale kombuis is alles wit-olieverf, sodat alles afgewas kan word. Daar moet geen oop rakke wees nie, en die kombuiskas moet glasdeure hê, sodat die goed wat daarin staan gesien kan word, sonder dat die roet van die stoof op potte, panne en skottelgoed kan kom.

Suid-Afrika het historiese meubels. Die ou Kaaps-Hollandse styl is van die mooiste in die wêreld, dis die produk van 'n bloeiperiode in Europese kuns, en tog met 'n sterke Suidafrikaanse individualiteit. Neem so 'n meubelstuk, gemaak uit geelhout, stinkhout of Rhodesia-mahonie, daar is geen mooier te kry nie, maar dis weelde-artiekels, wat die allerweinigste van ons kan bekostig. Dis ideale wat ons ons kinders voor kan hou, om te bereik as ons land ryker en ons volk magtiger geword het. Maar in die tussentyd is daar geen ekskuus vir ons om slegte meubels in ons huis te hê nie. Dink die kleureskema uit en koop dan die beste gordyne, prente, tapyte en meubels wat u geld kan bereik, maak die huis **gesellig** en **rustig**, dan sal die weelde-artiekels nie gemis word nie.



Dis die slim man se stilbly, nie sy praat nie, wat die grootste indruk op sy tehoorder maak.

\* \* \*

Die arm man is gelukkiger as die ryke omdat hy meer onervulde wense het.

\* \* \*

Iemand wat jonk beroemd word, bereik selde die hoogste peil.